higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N800(A)(J5)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE FABRIEKSORGANISASIE N4

(4090584)

5 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE FABRIEKSORGANISASIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Beantwoord in volsinne tensy anders aangedui word.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Dié masjien word gebruik om 2 mm kepe (‘nips’) baie akkuraat vir patroonmerke te maak:

A Materiaalboor
B Cornelli-masjien
C Kaartmasjien (‘ticketing machine’)
D Warmkeper (‘hot notcher’)

1.2 Drierigtingpapier het …

A strepe, 3 cm uit mekaar.
B groot kruise en strepe.
C klein kruisies en kolletjies, ongeveer 3 cm uit mekaar.
D groot kruise en kolle 3 mm uit mekaar.

1.3 'n Industriële knoopmasjien (‘button sewing machine’) …

A werk met 'n ketting.
B werk met 'n stuit (‘lock’).
C werk sig-sag.
D kap om.

1.4 Die … naat wat aan by romppanele of denim gebruik word is ook 'n tipiese oorslagnaat (‘lapped seam’).

A enkeloorslag- (‘single lapped’)
B boord- (‘welt’)
C plat oorslag- (‘lap felled’)
D plat

1.5 Klas EF-stikwerk word gebruik om …

A kante af te werk.
B lae materiaal bymekaar te hou.
C 'n kledingstuk te versier.
D belegsels (‘facings’) in plek te hou.

1.6 A reeks stiksels wat gebruik word om twee of meer stukke materiaal bymekaar te hou word 'n … genoem.

A ornamentele stiksel
B naat
C plat naat
D rolsoom

Kopiereg voorbehou

1.7 Die algemeenste oorsaak van brand in 'n klerefabriek is …

A rook.
B foutiewe elektriese toerusting.
C rommel.
D ophoping van materiaal.

1.8 Die veiligheidsbeampte moet 'n … persoon wees.

A toegewyde
B verantwoordelike
C gekwalifiseerde en opgeleide
D veiligheidsbewuste

1.9 Veiligheid is … se verantwoordelikheid.

A die bestuur
B die veiligheidsbeampte
C elke individu
D die werkgewer

1.10 Materiale wat nie plaaslik vervaardig is nie word … materiale genoem.

A uitgevoerde
B ingevoerde
C verkoopte
D aangekoopte

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Oop uitlegtegnieke (‘laying-up techniques’) word vir leermateriale gebruik.

2.2 Onderpersing (‘underpressing’) is perswerk wat dwarsdeur die vervaardiging van 'n kledingstuk gedoen word.

2.3 Nate word in vier groepe geklassifiseer.

2.4 Bandnate (‘bound seams’) word vir dekoratiewe kante gebruik.

2.5 Delegering beteken dat gesag en aanspreeklikheid aan ander toegeken word.

2.6 Geringe brandwonde kan met 'n salf behandel word.

2.7 Foutiewe masjinerie moet onmiddellik grapporteer word.

2.8 Werkvloei behels snywerk, stikwerk en strykwerk.

Kopiereg voorbehou

2.9 'n Werksvertraging is wanneer werk nie op die geskeduleerde tyd afgehandel word nie.

2.10 Handkontroles moet maklik vir die bestuur toeganklik wees.

2.11 Ligintensiteit word in desibel gemeet.

2.12 Kantore behoort nie naby aan raserige produksielokale te wees nie.

2.13 Dit is nie nodig dat werkers tyd nodig het om te rus nie.

2.14 Winkels en kleinhandelaars koop by groothandelaars.

2.15 'n Vervaardiger koop materiaal by 'n groothandelaar.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Wanneer die materiaal te dun, die temperatuur te hoog en die tyd te lank is.

3.2 'n Toestel wat arbeid bespaar en gebruik word om vouwerk te doen en bandstroke (‘bias strips’) aan te heg.

3.3 Inspeksie wat gedoen word nadat 'n kledingstuk vervaardig is.

3.4 Vorming van klein bolletjies materiaal as gevolg van wrywing.

3.5 'n Reeks stiksels wat gebruik word om twee of meer stukke materiaal aanmekaar te heg.

3.6 Die sleutel tot 'n suksesvolle organisasie.

3.7 Hierdie leier neem eenvoudig besluite en kondig dit aan.

3.8 Die volume werk wat in 'n bepaalde tyd afgehandel kan word.

3.9 Werklike hegting van dele van kledingstukke.

3.10 'n Irriterende of ongewenste geluid.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4


Kies 'n woord/item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Rangskikking van patroondele in 'n bepaalde gebied met die minste vermorsing van materiaal.	A	rolle
4.2	Masjien wat gebruik word om spreiding te doen (‘to create a spread’).	B	produksiekledingstuk
4.3	Knoopsgat het 'n ronde kant (‘round edge’) en 'n staaf (‘bar’).	C	eenheidproduksie
4.4	Produksie deur tydeenheid.	D	persoonlike inligting
4.5	Proses wat voltooi moet word om materiaal na voltooide keldingstukke te verander.	E	merker
		F	fluweel
		G	fisiologiese faktore
		H	'n bewerking (‘operation’)
		I	riemtelegram
		J	spreider (‘spreader’)
		K	sleutelgat

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5


Benoem die onderstaande skets van Maslow se behoefteshiërargie. Skryf die behoefte langs die korrekte nommer in die ANTWOORDBOEK neer.



[5]

VRAAG 6

Benoem die volgende skets van bestuursfunksies. Skryf sleutelwoorde langs die korrekte nommer in die ANTWOORDBOEK neer.



(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 7

7.1 Bespreek die toerusting wat in 'n snykamer gebruik word onder die volgende opskrifte:

7.1.1 Snytafels (5)

7.1.2 Kaartmasjiene (‘ticketing machines’) (2)

7.2 Noem die gehaltestandaarde vir elk van die volgende:

7.2.1 Ritssluiters (4)

7.2.2 Drukknopies (‘press studs’), drukkers (‘poppers’), hakies en ogies (3)

7.3 Bespreek die veiligheidsmaatreëls wat ten opsigte van gangetjies en werkstasies nagekom moet word. (4)

7.4 Verduidelik hoe toetse vir die volgende in 'n laboratorium uitgevoer word:

7.4.1 Weerstand teen frummeling (‘pilling’) (6)

7.4.2 Kleurvastheid (4)

7.4.3 Weerstand teen sonlig (3)

7.4.4 Weerstand teen hitte (3)

7.5 Noem en verduidelik TWEE tipes leierskap. (10)

7.6 Noem SES moontlike oorsake van ongelukke in die werkplek. (6)
[50]

VRAAG 8

8.1 Noem faktore wat kommunikasie belemmer. (8)

8.2 Verduidelik hoe om die volgende tipes beserings te hanteer:

8.2.1 Brandwonde (2)

8.2.2 Vreemde voorwerpe (3)

8.3 Die bestuur moet VYF basiese funksies uitvoer om die organisasie se spesifieke doelwitte te bereik. Bespreek hierdie funksies. (5)

8.4 Noem die eienskappe van 'n industriële naaldwerkmasjien. (6)

8.5 Omskryf die term *motivering*. (4)

8.6 Noem SES maniere om kommunikasiestelsels te verbeter. (6)

8.7 Noem VIER ekonomiese voordele wat gebruik kan word om werknemers te motiveer. (4)

8.8 Verduidelik die verskillende werkvloeiprosesse. (9)

8.9 Verduidelik hoe die skuilsoommasjien (‘blind hemming machine’) werk. (3)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9

9.1	Noem DRIE verskillende maniere waarop patrone in 'n klerefabriek gegradeer kan word.	(3)
9.2	Verduidelik die term *tydstudie* (‘time study’).	(4)
9.3	Verduidelik wat by die ontwerp van werkstasies vir 'n klerefabriek oorweeg moet word.	(4)
9.4	Verduidelik die vereistes van 'n merker.	(3)
9.5	Noem TWEE voordele en TWEE nadele van spreiding (‘spreading’) met 'n spreimasjien (‘travelling machine’).	(4)
9.6	Noem die voordele en nadele daarvan wanneer rekenaarbeheerde snywerk gedoen word.	(7)
9.7	Noem die vereistes vir doeltreffende werkvloei.	(6)
9.8	Noem NEGE omgewingstoestande wat werkers se prestasie mag beïnvloed.	(9)
9.9	Noem en verduidelik DRIE maniere om inligting aan te bied.	(6)
9.10	Noem DRIE vereistes van 'n goed ontwerpte werkstasie.	(4)
		[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou